

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Ons Hebreuse Wortels

Alvorens ons die volle omvang en betekenis van ons vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een (Jesus, die Messias), werklik kan verstaan, moet ons toegerus wees met kennis van, asook insig in ons Hebreuse wortels. Elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van God tot vergifnis en versoening is, het 'n Hebreuse verbintenis, want die oorsprong van ons vertroue is te vinde in die ou verbond. Talle gelowiges het nog nooit hierdie waarheid gehoor nie, want dit word selde vanaf kansels verkondig. Bepeins egter die volgende:

- Ons dien 'n God wat gekies het om Homself eerstens aan die Hebreërs (Israel, Jode) te openbaar. Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob wat ook ons geestelike voorvaders is.
- Die Skrifte (Bybel) het 'n Hebreuse karakter. Dit geld vir beide die ou- en die nuwe verbond. Ja, dit geld ook vir die nuwe verbond waarvoor daar voldoende bewys is dat dit oorspronklik in die spreektaal van daardie tyd, naamlik Aramees, geskryf was en nie in Grieks nie. Die Skrifte was deur Hebreërs vir Hebreërs geskryf. Die Hebreuse denke, kultuur en lewensbeskouing is dus in die bladsye van die Skrifte verweef en verskil in vele opsigte van ons eie Hellinisties (Grieks, Westerse) georiënteerde denke en lewensbeskouing.
- Die Hebreuse en Aramese taal is uniek en deurstek van geheimenisse wat ontdek moet word. Baie van hierdie geheimenisse is vir die Westerse denke vreemd en het verlore gegaan met die vertaling en verklaring van die Skrifte.
- Yeshua, dié Gesalfde Een is 'n Hebreër ('n Jood) uit die stam van Juda en so ook was Sy eerste dissipels Hebreërs (Jode).
- Die eerste gemeente (Grieks: *ekklesia*) van Handeling 11 het oorwegend 'n Hebreuse karakter en kultuur gehad, want hulle het aanvanklik meestal uit Jode bestaan.
- Volgens Romeine 11 is ons as nie-Jode (onbesnedenes, vreemdelinge) die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is. Ons is deel van die stamboom wat deur die vettigheid van die wortel gevoed word. Die wortel van hierdie mak olyfboom is יהוה<sup>1</sup> en die stam is Yeshua, die Lewende Woord. Die takke (Israel, Jode) wat van die begin af uit die stam voortgespruit het, het 'n Hebreuse kultuur en denke. Sommige van hierdie takke is egter weens verwerping van Yeshua as dié Gesalfde van God, afgebreek en ons is

<sup>1</sup> God en HERE is 'n titel (soos professor, dominee, dokter) en dus nie die Naam van God nie! Ons Skepper-God se Naam in Hebreus is יהוה (YHVH) wat getranlitereer word as Yahuah. Dit is die enigste lewende God se persoonlike Naam. Daarom gebruik ons יהוה in ons artikels.

in die plek daarvan ingeplant. Die boom het nie verander nie, maar het slegs enkele “nuwe” takke bygekry. Dit is nie ons wat die wortel dra nie, maar wel die wortel wat ons dra. Ons het dus geen rede tot roem nie.

- Die poorte van die nuwe Jerusalem is vernoem na die twaalf stamme van Israel (Open. 12:12). Daar is nie ‘n aparte poort met die naam van die “nuwe testamentiese kerk” daarop nie!!
- Die gemeente van Handelingte het nie as Christene bekend gestaan nie, maar as mense van Die Weg en as Nasareners<sup>2</sup>. Tot en met minstens die vierde eeu was die terme Christen en Nasarener glad nie sinoniem nie. Die Katolieke Christenkerkvader, Epiphanius, het die Nasareners as ketters beskou omrede hulle nog Torahgehoorsaam<sup>3</sup> was (Norman B Willis – Wat Was Die Oorspronklike Geloof?).
- Die geskiedenis bevestig dat dit altyd die vreemdelinge (onbesnedenes, heidene) was wat by Israel aangesluit het en nie andersom nie. Van die begin af was dit die vreemdeling (heidene) wat aan die “vereistes” moes voldoen om die God van Israel te dien.

Enige gelowige in Yeshua wat dus sy Hebreuse verbintenis ontken, en geen moeite doen om dit te ontdek nie, gaan ‘n onvolledige begrip van die wil en doel van יהוה vir die mens hê. So ‘n persoon sal groot dele van die Skrifte nie verstaan nie en gevolglik nooit die Vaderhart werklik ken nie. Dit veroorsaak dat Skrifgedeeltes dikwels in isolasie en nie in totale konteks verklaar word nie en is dikwels die rede vir misleiding!

Ten spyte van bogenoemde waarsku die meeste Christenleiers gelowiges teen die wêreldwye beweging wat terugkeer na hulle Hebreuse wortels. Hierdie Christenleiers se siening is dat hierdie beweging (ontwaking), wat algemeen as die Messiaanse Beweging (Ontwaking) bekend staan, gelowiges weer onder die wet wil plaas. Volgens hulle siening het diegene wat deel is van hierdie beweging van die genade verval. Dit is dan ook hierdie kerkleiers se siening dat die gelowiges van hierdie Beweging probeer om deur uiterlike wetsnakoming tot יהוה se genade toe te voeg en sodoende “beter Christene” te word.

Die feit is egter dat die gemeente (kerk) van Handelingte in alle opsigte Messiaans was. Ons kan tog nie ontken dat die eerste volgeling van Yeshua, dié Gesalfde Een hoofsaaklik Jode was wat in Torah onderrig was nie!! Leer die Afgesonderde Skrifte ons dan nie dat ons saligheid uit die Jode is en dat die Skrifte aan hulle toevertrou is nie (Joh. 4:22 en Rom. 3:2)?

Dink aan Paulus, ’n ortodokse Jood en Rabbi, wat ‘n Damaskuspad ervaring gehad het en tot vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde van God gekom het. Paulus was dus ‘n Messiaanse Rabbi. Hy het sy onderrig aan die voete van Gamaliël ontvang (Hand. 22:2). Glo ons regtig dat Paulus byvoorbeeld van sy tallit (gebedskleed / bokleed) met tzizit (klossies) aan die soom ontslae geraak het en ‘n Christenmantel aangetrek het? Glo ons regtig dat hy na sy bekering die Torah as uitgedien beskou het en dat hy homself as vry van יהוה se onderrig en instruksies soos in die Tanakh (ou verbond) opgeteken is, beskou het? Het Paulus regtig oornag opgehou om Shabbat en die Feestye van יהוה te gedenk? Dit kan tog nie waar wees nie, want in sy brief aan Timotheus skryf hy:

<sup>2</sup> Daarom beskou ons onself nie as Christene nie, maar as volgeling van Die Weg (Hand. 9:2; Hand.19:9 en 23; Hand. 24:14 en 22). Hierdie volgeling van Yeshua is ook Nasaréners genoem (Hand. 24:5).

<sup>3</sup> Torah beteken instruksies, maar in die wyer definisie is dit Vader se liefdevolle onderrig en wysheid. Die eerste vyf boeke van die Skrifte word YHVH se Torah genoem. Maar YHVH se Torah strek ook vanaf Gen. 1:1 tot Open. 22:21. Daarom is dit jammerlik dat Torah met “die wet” vertaal word!

<sup>14</sup> Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het

<sup>15</sup> en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2Tim. 3:14-15; PWL<sup>4</sup>

Die Afgesonderde Skrifte waarna Paulus verwys is die Tanakh (ou verbond) en sluit dus die Torah (die wet), naamlik יהוה se onderrig en instruksies in. Dit was die enigste Skrifte wat op daardie stadium bestaan het. Hierdie Skrifte van die ou verbond was die openbaring tot saligheid deur vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een! Daarom skryf Paulus aan Timotheus om vas te hou aan dit wat hy geleer het en nie sy Hebreeuse wortels te vergeet nie!!

Bogenoemde kry ook betekenis in die lig van Joh. 1:46.

Filippos het vir Natan'el gekry en vir hom gesê: “Ons het Hom gevind van Wie Mosheh in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. Hy is Yeshua, die seun van Yosef van Natzeret.”

Filippus en Natánael het geglo dat Yeshua die Seun van יהוה en die koning van Israel is (Joh. 1:50) op grond van wat in die wet (die Torah) en die profete geskrywe staan. Yeshua self het ook gesê: Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe (Joh. 5:46). Deur die wet, naamlik Torah, word Yeshua as dié Gesalfde Een openbaar gemaak.

Glo ons regtig dat die Apostels tuis sal voel in die hedendaagse Christenkerk? Glo ons regtig dat Paulus en Petrus “heiliges” met ‘n stralekrans geword het soos ‘n groot gedeelte van die Kerk hulle wel voorstel? Het ons vergeet dat hulle Jode was wat in Torah onderrig was en volgens die Skrifte bevestiging gekry het dat Yeshua dié Gesalfde van God is? Is die gelowiges van Handeling en gelowiges van die hedendaagse kerk nie twee teenstrydighede nie? Is die evangelie van Handeling en die evangelie van die hedendaagse kerk (Christengeloof) werklik dieselfde evangelie?

Dit is ook belangrik om die volgende te onthou: Abraham was die eerste Hebreër (Jood). Die Skrifte verklaar dat beide gelowige Jood en nie-Jood die saad van Abraham is (Gal. 3:29). Op grond hiervan is gelowiges in Yeshua kinders van יהוה deur genade en kinders van Abraham deur vertroue.

Hoe kan ons dan hoegenaamd twyfel dat die Christengeloof Hebreeuse wortels het, maar wat geminag word? Ons is dan die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is (Rom. 11:17) en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom. Ons wat vervreemd was van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte het nou naby gekom deur die bloed van Yeshua wat ons albei een gemaak het – Jood en nie-Jood (Ef. 2:12 tot 16).

Is die probleem van die hedendaagse kerk nie juis dat hulle nie vir Moses, naamlik die wet (Torah) glo nie? Om vry van die wet te wees is in wese ‘n verklaring van ongeloof in dit wat Moses in die Torah geskryf het. Dit is nie Yeshua wat die kerk beskuldig nie, maar juis Moses, naamlik die Torah.

<sup>4</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

45 Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Mosheh op wie julle 'n versekerde verwagting het,  
 46 want ás julle Mosheh geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. (Joh. 5:45-46).

Ons weet dat Yeshua groter as Moses is, maar deur die Torah (die Wet) is die basis van vertroue in die Lewende Woord, naamlik Yeshua dié Gesalfde Een, gelê. Indien die Torah as uitgedien beskou word, sal die ware Yeshua van die nuwe verbond nie herken word nie. Dan word יהוה volgens menslike geregtigheid gedien en nie volgens die geregtigheid van God nie. Dit is wat Paulus in Rom. 10:1-3 van sy eie volksgenote sê en dit is ewe van toepassing op die Christendom!

1 My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,  
 2 want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie  
 3 omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie.

Die Christendom het, soos hedendaagse Rabbynse Judaïsme. hulle eie geregtigheid opgerig – hulle ken יהוה-God se geregtigheid van vertroue en getrouheid nie. Vertroue in Yeshua wat deur Sy folterdood en opstanding die eenmalige offer van sondevergifnis was (Heb. 10:11-12). En getrouheid (gehoorsaamheid) aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is en wat gehoorsaamheid aan al tien gebooue vereis!

Hoekom is dit vir die kerk, en Christene in die algemeen, so moeilik om te aanvaar dat daar deur die eeue sekere dwalinge en antisemitisme (Jode-haat) die kerk binnegedring het? Hoekom ignoreer die kerk die feite van die geskiedenis? Dit is tyd dat hierdie vrae deur elke gelowige gevra moet word!

Die feit is dat יהוה besig is om Sy gemeente (kerk) te herstel tot soos wat dit verweef was in die Hebreuse wortels van ons vertroue, en wat se oorsprong in die ou verbond te vind is. Hierdie ontwaking geskied nie slegs deur 'n “vernuwing” deur die Afgesonderde (Heilige) Gees nie, maar ook deur 'n terugkeer tot die onderrig en instruksies van יהוה soos Hy van die begin af aan Sy volk gegee het en soos dit in Yeshua vervolmaak is. Dit geskied deur 'n reiniging van die bruid met die waterbad deur die woord (Ef. 5:26).

2 Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie,  
 3 want ek verkondig die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה; reken grootheid toe aan ons God!  
 4 Die Rots (Yeshua)! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; 'n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Opreg is Hy. Deut. 32:2-4.

Die feit is dat die Griekse en Latynse denke 'n baie groot invloed gehad het op die vertaling van die Skrifte en die verklaring van sekere Skrifgedeeltes. Vertalings word dikwels met 'n teologiese bril gedoen! Daarom moet die ywerige student met groot versigtigheid die vertaling kies wat gebruik word! Die mees betroubare vertalings is die wat woordgetrou aan die oorspronklike Skrifte is. Dit is om hierdie rede wat Gerrie Coetzee se vertaling bekend as “Die Pad van Waarheid tot die Lewe” aanbeveel word!

Die antisemietisme van die eerste eeue na Yeshua het verder bygedra dat die kerk sy Hebreuse wortels ontken het. So ook het die invloed van die Roomse Kerk bygedra dat sinkretisme die waarheid van die Evangelie vervals het. Dit, en die oorheersende Griekse denke in die eerste eeue na Yeshua, het tot gevolg gehad dat die oorspronklike Skrifte nie meer vanuit 'n Hebreuse denke en agtergrond vertaal en verklaar word nie. Verskeie leerstellings en interpretasie van mense het ook die vertalings beïnvloed. Talle voorbeelde hiervan kan genoem word, maar dit is nie die bedoeling van hierdie skrywe om dit te bespreek nie. Die doel is om die volgende vraag te beantwoord: Hoe kan ons, ons Hebreuse wortels van ons vertroue in Yeshua as dié Gesalfde herontdek, asook hoe om יהוה-God in Gees en in waarheid te dien (Joh. 4:23-24), herontdek?

## Die hart van ons Hebreuse wortels

Vertroue is om die leerstellings waarin ons onderrig is as die waarheid te aanvaar en dit dan prakties toe te pas. Ten einde eenstemmigheid te bereik oor wat die waarheid in die Skrifte is, moet daar eers teruggekeer word na die basis van ons vertroue wat in die ou verbond (ook bekend as die Tanakh) gesetel is. Ons vertrekpunt moet dieselfde wees en dit moet by die eerste vyf boeke van die Skrifte begin wat ook bekend is as die Torah (die wet) van Moses, want dit is die fondament waarop ons vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een gebou is.

Ons lees in 1Kor. 3:11 die volgende:

want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, dié Gesalfde Een.

Paulus stel dit duidelik dat Yeshua die fondament is waarop ons geloof gebou word. Hierdie fondament is in die Torah gegiet, want Moses het dit in die eerste vyf boeke van die Skrifte vir ons duidelik uiteengesit soos wat Hy dit van יהוה self ontvang het (Joh. 1:46 en Joh. 5:46). Die apostels en die profete het op hierdie fondament voort gebou.

**19** Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van dié Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

**20** Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

**21** In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

**22** terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Ef. 2:19-22

Die hart van ons vertroue in יהוה-God, naamlik ons Hebreuse wortels, vind ons dus in die Torah, naamlik יהוה se onderrig en instruksies. Dit is die fondament (basis) van ons vertroue in Yeshua en ook die hoeksteen van die gebou (elke individu en die gemeente) wat deur יהוה self gebou word. Dit is die Woord wat van die begin af, naamlik vanaf Genesis 1:1, daar was en wat יהוה self is (Joh. 1:1-2). Deur hierdie Woord het alle dinge ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:3). Ons vertroue was ook vanaf die begin daar en het ook deur die Woord ontstaan en hierdie Woord het vlees geword en woon onder ons as die Lewende Torah (Joh. 1:14).

Daarom is יהוה se Torah nie wette van moets en moenies nie, maar van onderrig en instruksies vir 'n lewe as geregverdigde. Deur vertroue in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal verander ons status in een oomblik van ongered tot gered. Deur יהוה se onderrig en instruksies word ons lewe as geregverdigde egter oor tyd getransformeer om gelykvormig aan Yeshua ons Meester te word. Dit is die vernuwning van die gemoed (Rom.

12:2) om vrug te dra wat by ons bekering pas. Daarom kan Torah ook beskou word as die wil en wysheid van 'n liefdevolle Vader wat Hy aan Sy kinders skenk. Yeshua is ons redding, maar Torah is ons leefwyse. Dit was van die begin af so en sal vir ewig so wees.

'n Torah-leefwyse het niks te doen met wettiesheid nie, of om deur onderhouding van die wet geregverdig te wil word nie, of om tot die genade van יהוה te wil toevoeg nie, of daarvan weg te wil neem nie. Nee, ons word alleenlik deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde van God gered, maar Torahgehoorsaamheid het alles te doen met 'n lewe as uitgeroepenes – as 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde (heilige) volk wat die deugde verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig (1Pet. 2:9). Ons wat voorheen geen volk was nie, maar nou deel van die volk van יהוה geword het en wat volgens Sy onderrig, instruksies, wil en wysheid leef.

Die opdragte (Torah) van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil en emosie; die bevele van יהוה is suiwer: dit verlig die oë. Ps. 19:8.

## Hoekom die Torah bestudeer word

Die woord Torah se betekenis kan verskil ahangend van die konteks waarin dit gebruik word. Meestal word daar egter na die eerste vyf boeke van die Skrifte verwys wanneer daar van Torah gepraat word. Hierdie vyf boeke vorm die hart van ons Hebreeuse wortels, en is ook die hart van die opvoeding van 'n Joodse kind in die weë van יהוה. Die bestudering van Torah word reeds vir eeue getrou gedoen deur die wat glo in יהוה, die God van Abraham, Isak en Jakob. Elke week op Shabbat word 'n gedeelte uit die Torah, asook 'n gedeelte uit die profete (Nevi'im) gelees en bespreek. Die verdeling (54 in totaal) is op so 'n wyse dat die Torah in sy totaliteit jaarliks gelees word.

Talle Torahgehoorsame gelowiges volg ook hierdie gebruik van die weeklikse lees van die Torahskrifgedeeltes, maar met die verskil dat Skrifgedeeltes uit die nuwe verbond ook bygevoeg word. Die hoofdoel van die weeklikse Torahskriflesings is juis om Yeshua in die Torah te ontdek en in die proses ook blootstelling te kry aan ons Hebreeuse wortels van ons vertroue. Hierdie ontdekkingsreis geskied aan die hand van kommentaar en verduideliking van die weeklikse Torahskriflesings.

Talle van Yeshua se leringe en gelykenisse word eers werklik duidelik indien ons beter insae in ons Hebreeuse verbintenis het, asook van die Hebreeuse denke en kultuur. Die bestudering van Torah help ons om die nuwe verbond beter te verstaan en bevat ook die onderrig en instruksies hoe om ons vertroue as gelowiges onder die nuwe verbond prakties uit te leef.

Ons kan die versekering gee dat elkeen se geestelike lewe verryk sal word deur die weeklikse Torahskriflesings en gepaardgaande kommentare. Hierdie is geestelike diamante wat die Afgesonderde Gees sal slyp tot nuwe openbaringe en kennis van יהוה en Yeshua. Dit is werklik 'n geval van die ou verbond wat 'n heenwysing na die nuwe verbond is en van die nuwe verbond wat die ou verbond bevestig en openbaar. Dit is die ontdekking van ons Hebreeuse wortels.

Indien jy wil inteken op Nuwe Lied Bediening om die weeklikse Torahstudie gereeld per e-pos te ontvang, kan jy ons kontak by: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info). Onthou om jou naam en e-posadres by te voeg!!

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom!

Johan.

Epos: [kontak@nuweliel.info](mailto:kontak@nuweliel.info)

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*